

## SONDAG 41

### VRAAG EN ANTWOORD: 108

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Vraag: Wat leer die sewende gebod ons?			
Antwoord: Alle onkuisheid is deur God vervloek,	1 Levitikus 18:28	Laat die land julle dan nie uitspuug as julle dit verontreinig nie, soos dit die nasie uitgespuug het wat daar voor julle was.	As julle die land verontreinig, sal hy julle ook uitspoeg soos hy die heidene vóór julle uitgespoeg het.
en daarom moet ons dit hartgrondig haat.	2 Maleagi 2:16	Want Ek haat egskeiding, sê die HERE, die God van Israel, en dat 'n mens sy kleed met geweldpleging bedek, sê die HERE van die leërskaar. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou nie.	Die Here die God van Israel sê Hy haat egskeiding. Egskeiding is niks anders as geweld nie, sê die Here die Almagtige. Beheers julle, moenie ontrou wees nie.
Daarenteen moet ons kuis en ingetoë lewe	3 1 Tessalonisense 4:3-5	Want dit is die wil van God: julle heiligmaking; dat julle jul moet onthou van die hoerery; dat elkeen van julle moet weet om sy eie vrou te verkry in heiligheid en eer, nie in hartstogtelike begeerlikheid soos die heidene wat God nie ken nie;	Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe. Weerhou julle van onsedelikheid. Elkeen van julle moet weet dat hy met sy vrou heilig en eerbaar moet saamlewe; julle moenie deur hartstog en begeerte gedrywe word soos die heidene wat vir God nie ken nie
sowel binne as buite die huwelik	1 Korintiërs 7:10-11	En aan die getroudes beveel ek—nie ek nie, maar die Here—dat die vrou nie van die man moet skei nie; en as sy tog van hom skei, moet sy ongetroud bly, of haar met haar man versoen; en dat die man sy vrou nie moet verstoot nie.	Die getroudes beveel ek-nee, nie ek nie, maar die Here—dat 'n vrou nie van haar man mag skei nie. As sy tog skei, moet sy daarna ongetroud bly of haar met haar man versoen. Net so mag 'n man ook nie van sy vrou skei nie.
	4 Hebreërs 13:4	Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees en die bed onbesmet; want God sal hoereerders en egskeiders oordeel.	Die huwelik moet deur almal eerbaar gehou word. Wees in die huwelikslewe getrou aan mekaar, want ontugtiges en egskeiders sal onder die oordeel van God kom.
	Judas:23	maar ander moet julle met vrees red deur hulle uit die vuur te ruk; en ook die kleed moet julle haat wat deur sonde bevestig is.	Ander moet julle red deur hulle uit die vuur te ruk. Oor ander moet julle julle met versigtigheid ontferm; en verafsku selfs die kleren wat deur hulle sondige luste besmet is.